Gr. R-2024

Inligtingstuk

‘n Kykie in die hart van ons skool

Op ons terrein waar hoenders en poue net so tuis is soos kaalvoet-skoolkinders, leer ons ons leerders van vroeg af om na diertjies om te sien.

Die vriendelike en hardwerkende personeelkorps implimenteer die waarde- en beloningstelsel om verantwoordelike leerders te kweek.

Akademie

1.1 Skooltye (vir gr. R-leerders)

DAG	WAGKLAS	ONDERRIGTYD	WAGKLAS
Maandag	07:00 – 07:30	08:00 – 12:45	12:45 – 14:00
Dinsdag	07:00 – 07:30	08:00 – 12:45	12:45 – 13:30
Woensdag	07:00 – 07:30	08:00 – 12:45	12:45 – 13:30
Donderdag	07:00 – 07:30	08:00 – 12:45	12:45 – 14:00
Vrydag	07:00 – 07:30	08:00 – 12:30	12:30 – 13:00

Gr. R-oggendprogram begin stiptelik om 08:00.

Wagklas voor skool en na skool
Drie personeellede doen op ‘n rotasiebasis diens.

1.2 Personeel

Ons is in die bevoorregte posisie om te spog met ses gr. R-klasse met gekwalifiseerde opvoeders en drie assistent-opvoeders wat tussen die klasse roteer. ‘n Maksimum van nagenoeg 27 leerders word in ‘n klas geplaas.

Twee voltydse algemene werkers is behulpsaam met die netheid en skoonmaak van lokale en badkamers.

1.3 Speelarea en parkie

Daar is twee speelareas. Die speelarea agter die klasse word tydens wagklastyd na skool gebruik en die parkie dien as speelplek tydens skoolure slegs vir gr. R-leerders. Die speeltye van verskeie groepe roteer sodat leerders genoeg spasie het om lekker te speel.

1.4 Terapeute en sielkundiges

‘n Aantal terapeute en sielkundiges bied hulle dienste by die skool aan, nl. arbeids-, spraakterapeute en opvoedkundige sielkundiges. Aan die einde van Kwartaal 1 tot 3, bied hulle ‘n gratis insiggewende ouerinligtingsessie aan. Ons moedig alle ouers aan om dit by te woon.

1.5 Leerareas en assessering

- Afrikaans Huistaal; Wiskunde; Lewensvaardighede.
- Die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring word gevolg waaronder ons die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring gebruik. (CAPS)
- Assessering vind informeel en deurlopend plaas.
- Rekenaars: Elke klas besoek die sentrum een maal per week waar rekenaarvaardighede en kodering deur 'n fasiliteerder aangebied word.
- Liggaamlike opvoeding: Een maal per week.
- Elke gr. R-lokaal is toegerus met 'n witbord en opvoeders maak gebruik daarvan.
-

1.6 Aktiwiteite buite skoolverband

Aktiwiteite is soos volg: Pottebakkery, Nett Girlies, Karate, Judo, I Build (Lego), Ballet, Ruggakids, Introgholf, Eksperimaats, Playball, Catrobatz, Dramatix en Teddy tennis.

1.7 Dagprogram: 07:30 -13:00

07:30-08:00	Aankoms en vryspel binne klaskamer
08:00-08:40	**Oggendkring:** Opening, gewyde sang, nuus, weer, verjaarsdag, register, temabespreking en aktiwiteite deur onderwyseres begelei: Wiskunde, Tale, Lewensvaardighede
08:40-09:10	**Hoofaktiwiteit:** 1 hooftafel met hoofaktiwiteit en 2-3 by-aktiwiteite. Vryspel binne en opruim
09:10-09:20	Toiletroetine
09:20-09:55	Vryspel buite en opruim (Gestruktureerde buitespel twee maal per week)
09:55-10:35	**Tweede Kring:** Weeklikse kringe Geletterdheid / Wiskundige vaardighede / Drama/musiek / Wetenskap / Tegnologie (Bak en Brou)
10:35-11:05	**Kunsaktiwiteit:** 1 Hoof kunsaktiwiteit saam met 2-3 by-aktiwiteite bv. teken, knip, plak, bokskonstruksie en klei
11:05-11:15	Toiletroetine
11:15-11:35	Verversings
11:35-12:15	Vryspel buite en opruim
12:15- 12:45	**Storietyd:** Stories word gelees en leerders reflekteer en vertel stories oor.
12:45-13:00	Rus en vertrek

1.8 Stiptelikheid

Skool begin alreeds om 08:00 en dit is vir ons baie belangrik dat alle leerders betyds sal wees. Wanneer leerders laat kom, mis hul uit op waardevolle kontaktyd en dit is ook vir hul 'n groot verleentheid.

1.9 Toegangshek

Gr. R-leerders maak gebruik van die Gr. R-hekkie in Marketstraat. Indien 'n kleuter na 08:00 by die skool aankom, moet ouers van die hoofhek in Marketstraat gebruik maak. Die Gr. R-hekkie sluit stiptelik om 08:00.

Skoolgeld

Die skoolgeld vir **2024** wbeloop R27 300 per jaar. 'n Vooruitbetaalbare skoolgeldbedrag van R3 200 word betaal wanneer 'n leerder se aansoek aanvaar word.

Skoolgeld sluit die volgende in:

Perseptueleboek, skryfbehoeftes, gehoor- en oogtoetse, instappies, jaarlikse skoolfoto's en laastedag-aktiwiteite)

Betalingsopsies:

- Bedrag van **R3 200** was betaalbaar voor of op **31 Augustus 2023** en die bedrag van **R22 800** betaalbaar in een bedrag voor of op **31 Januarie 2024**. (Korting **R1 300**).

- Die eerste paaiement wat as deposito dien in die bedrag van **R3 200** was betaalbaar voor of op **31 Augustus 2023**. Die balans van **R24 100** is betaalbaar in tien gelyke paaiemente van **R2 410** voor of op die **7de van elke maand** beginnende **7 Januarie 2024.**

Bankbesonderhede

FNB – Cresta	**Rekeningnaam:**	Laerskool Fairland
	Rekeningnommer:	6200 7496 228
	Takkode:	254-905
	Verwysing:	**Familiekode**

Naskoolsentrum

Die middagprogram by die naskool wissel tussen aktiwiteite in aangewysde klaskamers en speeltyd in die parkie. Gr. R-naskoolleerders word in die parkie toegelaat.

Die naskoolsentrum begin op 'n Maandag en Donderdag om 14:00, op Dinsdae en Woensdae om 13:30 en op 'n Vrydag om 13:00 en sluit daagliks om 17:30. Leerders wat die naskoolsentrum gaan bywoon, sal in 'n wagklas gehou word totdat die naskoolsentrum begin.

- Inskrywingsvorm vir die naskool is beskikbaar in die skool se amtpelike inskrywingsvorm van 2024.
- Naskool is oop gedurende vakansies BEHALWE op openbare vakansiedae en Desembervakansie.
- Etes: Daar word nie etes voorsien nie, maar die snoepie verskaf spyskaarte en ouers kan deur die snoepie etes vir leerders bestel.

Naskoolgeld beloop **R10 210** per leerder

Betalingsopsies:

Registrasiefooi van **R500** en is aftrekbaar van die **R10 210**. Die balans van **R9 710** is oor 10 maande betaalbaar.

Bankbesonderhede vir betaling van naskoolfooie is dieselfde as vir Voorskoolgeld.

Sport

Gr. R-leerders neem deel aan sportsoorte wat by die skool aangebied word. Die leerders neem binne die eerste week van skool aan atletiek deel. Meer inligting oor ander sportsoorte sal in 2024 aan u deurgegee word.

Kultuur

Ouers kan leerders inskryf vir die Visuele Kunskompetisie en KOLLIG kunswedstryd wat elke jaar plaasvind.

Kommunikasie

d6 Connect

Ons enigste kommunikasiemiddel met ons ouers. Dit is 'n toepassing wat ouers op hul selfone, skootrekenaars of "i-Pads" kan aflaai. Dit is van kardinale belang dat ouers hul samewerking in dié verband sal gee. (https://d6.co.za/education/downloads/) **d6 Connect – swart blokkie**

Vinkie

Ons weeklikse nuusbrief word die Vinkie genoem en word op 'n Donderdag uitgestuur. Belangrike inligting word weekliks daarin deurgegee aan ons ouers. In 'n 4-dag week word die dag en datum dienooreenkomstig aangepas.

Algemeen

Veiligheid

Ouers vergesel leerders in die oggende voor skool tot by hul klasse en kom haal leerders weer smiddae by hul klasse.

Daar is voor en na skool 'n wag wat diens doen by die gr. R-hekkie.

Sekuriteitskameras in die klasse, op die stoepe en speelterreine is aangebring.

Ons het 'n baie goeie verhouding met Beagle Watch-sekuriteitsmaatskappy wat gereeld om die skool patrolleer en tydens byeenkomste ekstra wagte om ons skool plaas. Hulle doen soggens en in die middae ook diens by die brug in Rugbystraat.

Afknou-gedrag

Afknou-gedrag word baie ernstig opgeneem en word dienooreenkomstig hanteer.

Snoepie

Gr. R-maats besoek weekliks die snoepie.

Instappies

Instappies, bv. besoek van troeteldiere, brandweer, poppespel, ens. word jaarliks vir Gr. R gereël en temas word afgewissel.

Klasverteenwoordigers

'n Klasverteenwoordiger en hulp-klasverteenwoordiger, wat behulpsaam is met die deurgee van inligting aan die ouers, word elke jaar uit die ouers van elke klas verkies.

Spesiale dae

Bak-en-brou, fietsiedag, vuilworddag, koekverkopings, ens. word onder andere vir die graadgroep gereël.

Kleredrag

Die kleuters dra gewone en gemaklike klere. Sorg asb. dat u kind se klere, skoene en ander besittings duidelik gemerk is. Elke leerder sal 'n T-hemp (wat by die skoolgeld ingesluit is) ontvang.

Makro-"app"

Soos u reeds bewus is, bestaan die Makro-kaart nie meer nie, maar kan u die "app" op u selfoon aflaai. (https://www.makro.co.za/customer-service/faq/mCardAppFaqs)

MySchool-"app"

U kan die MySchool-"app ook nou op u selfoon aflaai.
https://www.myschool.co.za/get-your-card-here/myschool-app

Maak asb. seker dat u beide hierdie "apps" aan Laerskool Fairland koppel.

Eerste skooldag 2024

Eerste skooldag is op 17 Januarie 2024. Ouers sal nie later as 15 Desember 2023 meer inligting ontvang.

Wenke:

- Ouers moet asb. so gou as moontlik die leerder groet wanneer hulle afgelaai word. Uitgerekte groet kan sommige leerders ontstel.
- Voorsien asseblief u kind van 'n kospakkie met 'n vrug ingesluit vir die dag.
- Elke leerder moet 'n geskikte kleuterskooltas bring wat in sy/haar rakkie (35cm x 35cm) sal pas. Tasse word op die stadium buite die klas geplaas.
- Sorg asseblief dat u kind se klere, skoene en ander besittings duidelik gemerk is.

Visie, Missie en Kernwaardes

Visie

Laerskool Fairland streef daarna om elke leerder se unieke karakter en talente optimaal te ontwikkel deur geleentheidskepping en liefdevolle leiding.

Missie

Laerskool Fairland stel homself ten doel om elke kind se potensiaal te ontsluit deur ‘n waardestelsel wat hulle help ontwikkel in ‘n suksesvolle selfstandige leerder.

Daarbenewens streef ons daarna om kwaliteit opvoeding te voorsien deur dinamiese personeel wat deur ‘n bekwame beheerliggaam en betrokke ouers ondersteun word.

Kernwaardes

Ons waardestelsel sluit die volgende beginsels in:

- Respek
- hoflikheid
- mededeelsaamheid
- selfdissipline
- nederigheid
- verdraagsaamheid
- pligsgetrouheid
- mensliewendheid
- eerlikheid
- lojaliteit

en ook die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.